Begripstoets


Naam: ____________________ Datum: ______________

# Olifant jou reuse dier

'n Olifant is 'n massiewe dier. Hy het yslike groot pote en 'n baie lang slurp. Die slurp is nie net 'n verlengde neus nie, maar word ook gebruik om water en kos in sy mond te gooi soos 'n arm en 'n hand. Olifante eet tot 200 kg en drink tot 190 liter water per dag.

Wetenskaplikes se dat die olifant die grootste soogdier is wat nog ooit op land geleef het. 'n Olifant kan tussen 6000 kg en 7000 kg weeg. Olifante het 'n loopspoed van 10 km/h, maar wanneer hy begin storm kan hy 'n spoed van 40 km/h bereik. 'n Olifant is eintlik 'n baie gevaarlike dier.

Die olifant het ook 2 groot wit tande wat by sy mond is. Ongelukkig word baie olifante doodgemaak vir die mooi tande. Hulle verkoop die tande vir baie geld. Die tande word gebruik om medisyne te maak.



Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarvoor gebruik 'n olifant sy slurp?

   ___________________________________________

   ___________________________________________

   ___________________________________________

2. Waarvoor staan die afkorting "kg" in die volgende sin:

   Olifante eet tot 200 kg en drink tot 190 liter water per dag

   ________________

3. Hoe vinnig kan 'n olifant hardloop?

   ___________________________________________

4. Hoekom dink jy maak mense olifante dood vir hulle tande? Waarvoor gebruik hullle die tande?

   ___________________________________________

   ___________________________________________


   ___________________________________________

5. Skryf 'n byvoeglike naamwoord uit die eerste paragraaf.

   _____________________________

Begripstoets

Naam: ____________________ Datum: ______________



# Die ruimte



Daar is 8 planete in die heelal. Ons woon op die aarde. Dit is die enigste planeet waarop diere en mense kan leef.

Die maan is 4 keer kleiner as die aarde. Die maan is 'n koue, dooie bal rots. Ons kan die maan in die aande sien. Die son is 'n brandende bol gas wat helder in die dag skyn.

Meteore is groot stukke rots. Hulle beweeg totdat hulle die atmosfeer tref en uitbrand. Hulle word vreeslik warm. As hulle begin smelt lyk hulle soos 'n gloeiende streep in die lug. Dit is 'n verskietende ster.

Wanneer meteore die grond tref voordat hulle uitgebrand is noem ons hulle 'n meteoriete.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Is die volgende stellings waar of onwaar?

   1.1.1. Daar is 10 planete in die heelal. _________

   1.1.2. Daar is klomp planete waarop diere en mense kan lewe. ___________

   1.1.3. Die maan is 'n koue, dooie bol rots. _________

   1.1.4. 'n Meteor se ander naam is 'n verskietende ster. __________

2. Wat is 'n meteorite?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

3. Kyk na die eerste paragraaf. Skryf 3 meervoude neer.

   ______________________________________________________________

4. Wat is die verkleinwoord van ster? ____________

5. Skryf die trappe van vergelyking van die woord helder neer.

   helder ______________ ______________

6. Kyk na die volgende sin:

   *As hulle begin smelt lyk hulle soos 'n gloeiende streep in die lug.*

   6.1.1. Wat beteken die woord gloeiend?

   ______________________________________________________

   ______________________________________________________